

## DIE WEG NA GOD

Geen onderwerp vlam die gemoedere soveel op en skei die geeste so vinnig soos dié oor God nie. Tog kom niemand uiteindelik by Hom verby nie, nie eens die ateïste nie. Elke mens word gebore en groei op in 'n spesifieke wêrelds-benadering en die meeste mense bly daarin tot aan die einde van hul lewe sonder om die waarheid van daardie standpunt te beproef of dit te verifiëer. Oor die algemeen is dit die praktyk om ooreenkomstig geërfde tradisies op te tree. Selfs diegene wat vervulling van hul godsdienstige verpligtinge soek, wil nie oor hul God gepla word nie. Hulle het 'n God nodig wat goed pas binne hul godsdienste en presies aan hulle verwagtinge voldoen. Die oorsaak daarvan lê eintlik nie in die godsdienst self nie. Vanaf geboorte en tot met die dood, word mense van vrome rituele en feestelike seremonies voorsien, sonder dat hulle ooit die goddelike boodskap van verlossing gehoor het en innerlike gemoedsrus en sielsvrede gevind het.

Selfs die verskillende Christelike denominasies is nie 'n uitsondering nie en moet aan 'n ondersoek onderwerp word. Die blote oproep tot Christus is vir niemand tot nut nie; ons moet 'n verhouding het met Hom. Elke kerk, selfs die kleinste groepe, gebruik Bybel-gedeeltes, wat toegepas word om by hul eie konsepte in te pas. In die algemeen het vandag se Christendom feitlik niks meer in gemeen met die vroeë Gemeente nie. Die Bybel word op honderde verskillende maniere geïnterpreteer. In plaas van die goddelike Woord en leringe, het daar al hoe meer interpretasies, reëls en dogmas tot stand gekom, wat geen bybelse grondslag het nie. Dit heet die "Christelike tradisie".

Baie denkende mense draai teleurgesteld weg van die geërfde tradisionele geloof. Dit laat die billike bevraagtekening van die verskillende denominasies ontstaan, of daar 'n standaard is, 'n absoluut, 'n definitiewe maatstaf waarvolgens alles bewys en vertrou kan word sonder om van God af weg te beweeg. Is daar 'n bevestigde, ongetwyfelde, verhewe waarheid waarop ons kan bou? Indien wel, wat is dit? Baie vra teleurgesteld: is daar 'n God wat omgee vir ons, wie geïntereseerd is in ons? Indien wel, waar is Hy en hoe kan ons Hom vind?

Met hierdie kort uiteensetting, word elke leser stof tot nadenke gegee, om hierdie onderwerp krities tog soekend te benader. Dit gaan immers alles oor u persoonlik – waar u die ewigheid, na alles, wil spandeer. God het 'n duidelike en definitiewe plan vir die mensdom. Maar daar ontbreek verligte manne wat, volgens die patroon van die profete en apostels, aan andere die weg na God kan wys. Vir eeue lank, is dit vasgestel in die mens se gedagtes dat God en godsdiens, God en kerk, 'n eenheid vorm. Indien dit wel so is, met watter een van die meer as drie honderd denominasies vorm Hy daardie eenheid? Is Hy Katoliek? Is Hy evangelies? Of het Hy enige van die ander denominasies gestig? Is die Moslems, Hindoes, Boeddhiste, of wat ookal daar is, reg? Almal eis eintlik dat hulle 'n lig van bo ontvang het en dat hulle daardeur die waarheid besit. Of kan dit wees dat almal hulle eie godsdienstige koninkryke gebou het onder die dekmantel van die koninkryk van God?

God het 'n plan met die mensdom wat Hy self tot uitvoering bring. Om hierdie plan te verstaan, moet ons wegkom van al die tradi-

sionele standpunte en terugkeer na die punt van oorsprong. God verwag van niemand om 'n 'blinde geloof' te het nie. Ware geloof het twee gesonde, geestelike oë en twee gesonde, geestelike voete; dit is gebaseer op die onwrikbare fondament van die Ou en Nuwe Testament. Daarin het God Sy volledige doel met die mensdom, van die begin af en tot met die einde, neer-gelê. Daarin word God se weg na die mens aangedui vir ons en gelyktydig onse weg na God – ook die plek waar Hy met die mensdom ontmoet.

God se plan met die mens het alreeds by die skepping begin. Elkeen van ons bewonder sekerlik die masjesteuse natuur, wat ons baie beslis moet erken. Maar nie almal herken die oorsprong daarvan in die Skepper nie. Dit is algemeen bekend dat die bestaan van die Skepper betwyfel word en die geskiedenis van die skepping deur baie as onwaarskynlik beskou word.

Ateïstiese filosowe het die mensdom teenstrydige teorieë laat glo, wat ook gelei het tot ongeloof. Om God te ontken as Skepper en te dink dat alles vanself in die wêreld gekom het, is dieselfde as om jou eie vader te ontken en jouself 'n produk van evolusie te maak. Wie kan dit indink dat die heelal in sy oneindige grootheid met ontelbare sterre en perfekte harmonie net vanself na vore gekom het? Tot dusver het niks vanself gekom nie. Dink net aan die ontelbare lewende wesens van die see, geplaas in ideale lewensomstandighede of van al die spesies van diere en voëls op al die kontinente, elk ten volle aangepas by hul spesifieke klimaats-toestande!

Soos die Skepper aan die begin alles deur Sy almagswoord verorden het, so bly dit tot vandag toe. Sedert die skepping van die aarde, word daar elke jaar gesaai en geoes, want so spreek die HERE: "Julle sal saai en oes". Net waar die mens met die natuur peuter, ontstaan daar chaos. Daaglik word miljarde mense gevoed en as al die voedsel wys versprei word, hoef niemand in die wêreld honger te lei nie.

Ook die feit dat alle lewende wese volgens hul soort voortbring, en dit sal tot die einde toe so bly. Niemand het dit al ooit belewe dat uit 'n mens 'n aap gebore is nie, of dat uit 'n aap 'n mens gebore is nie. Elke spesie bly soos dit geskep is. Selfs vandag nog word dieselfde saad gesaai wat ontstaan het onder die Woord van die Skepper; dieselfde bome groei steeds en dra nog dieselfde vrugte en dieselfde spesies diere leef nog op aarde. Ook die mens, die kroon van die skeppingswerk, bly nog presies gelyk aan wat Adam en Eva was. Hy was kreatiewe vermoë gegee; dit word veral deesdae met besondere duidelikheid waargeneem. In beginsel kan die mens alles bereik wat hy homself voorneem, soos die HERE reeds gesê het: *"... nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie"* (Gen. 11:6).

Daar is een ding wat die mens egter nie kan doen nie, dit is om *lewe* te skep. Diegene wat glo in evolusie en in 'n oorspronklike sel, moet kan sê hoe daardie oorspronklike sel geskep is en wie die lewe daaraan gegee het. Ons kan ook vra wie dit was wie elke lewende wese die vermoë gegee het tot vermeerdering. Waarom saai diegene wat die bestaan van die Skepper ontken nie kunsmatig gekweekte koring nie?

Omdat hulle baie goed weet dat dit nie sal opkom nie, want dit dra nie die kiem van die lewe nie. Die groot en allesomvattende skepping moet eintlik aan alle normaal-denkende mense, die bestaan van 'n soewereine Skepper duidelik aandui. As die mens nie vrywilliglik afgewyk het van God nie, kon hy in Sy Woord glo want God en Sy Woord is geloofwaardig.

Volgens die wil van God was die mens van die begin af bestem om in ewige gemeenskap met sy Skepper te lewe. Dit is ook hoekom almal 'n onversadigbare verlange in die hart dra om 'n hoër wese te aanbid. Almal het in hul siele 'n leegheid, almal soek iets, maar slegs Een kan daardie begeerte bevredig en die soeke na geluk volbring.

In alle gelowe is aanbidding deel van godsdiens. Die Moslems bid tot Allah. Hulle profeet, Mohammed, het nie die Messias gesien as die Verlosser en HERE nie, maar slegs as 'n profeet. Hy het absolute monoteïsme verkondig – die bestaan van een God – en het nie die selfopenbaring van God in Christus herken nie. Vir hom was dit onbegryplik dat God Homself gemanifesteer het in die hemel as Vader en eers dan op aarde deur Sy Seun, wat deur die Heilige Gees werksaam is.

Hindoes glo in 'n oneindigheid van gode. In hul konsep is daar eers die spesiale drie-eenheid: Brahma die Skepper, Vishnu die Onderhouer en Mahesh, die Vernietiger. Daarna kom al die ander gode. Dit sal te breedvoerig wees om hier alle ideologieë te dek. Al sou iemand alle godsdienste wat daar is, verwerp, aanbid hy ten minste vir Mamon, as 'n afgod, deur die passie vir geld, rykdom of wat dit ookal mag wees.

Ongeag van kleur, ras of nasionaliteit waaraan ons behoort, bestaan daar in elkeen van ons 'n onversadigbare diepe begeerte wat werklik net deur die ewige God gevul kan word.

Daar was 'n tydperk, met die ontstaan van die paradys, dat die eerste mense direkte gemeenskap met God die HERE gehad het. In hierdie oorspronklike staat van onskuld, was daar geen lyding, geen siekte of dood nie. As ewige wesen was die mens bestem om vir ewig te lewe. Die HERE God het die mens 'n vrye will gegee sodat hy sy eie besluite kon neem. Hulle kon kies tussen goed en kwaad, gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid, geloof en ongeloof. So is dit met ons almal tot vandag toe nog. Hulle moes 'n beproewing deurgaen, maar het albei misluk, eers Eva, toe Adam. Sy het die leuen by Satan gehoor en Adam het dit toe by haar gehoor. So was albei onderworpe aan die invloed van die teenstander en het die gebod van God oortree, in ruil vir meer kennis. God, wie die waaragtige is, het toe Sy waarskuwing bewaarheid – hulle was uit die paradys verdryf en hul verbinding met Hom was verbreek en so het lyding en die dood toe oor die ganse mensdom gekom.

Tog kan niemand hul hande in onskuld was en sê nie: "Wat het dit met my te doen?" Elke man en elke vrou sou op dieselfde manier optree as Adam en Eva. God ken ons almal en het vooraf geweet dat niemand in staat is om Sy beginsels en wette te hou nie. Tog het Hy in Sy geregtigheid ons vergewe van al ons oortredinge sodat ons, bewus van die behoefte aan verlossing, die regte besluit kan maak. Ons het vrye wil; niemand word verplig of gedwing om volkome geluk te smaak nie.

As daar geen goddelike wet was nie, dan sou niemand erken dat ons die Woord van God oortree het nie en ons dus vergifnis en verlossing nodig het nie. So word elkeen bewustelik gewaarsku, ook diegene wat nog nooit die goddelike Woord van verlossing gehoor het nie of nooit die Bybel gelees het nie. Elke mens weet wanneer hy lieg, bedrieg, steel of iets verkeerd doen. Ons gewete waarsku ons altyd baie sterk! Elke mens, ryk of arm, goed of sleg, is ewe skuldig voor God. Ons is almal gebore as sondaars, geskei van God. Niemand moet dink dat die situasie nie ernstig is nie, omdat u nog nooit iemand doodgemaak het nie, of 'n ander misdaad gepleeg het nie. Die oordeel van God hang oor ons almal, so moet ons almal sterf. Maar die dood is nie die einde nie. Dit hoef nie die einde te wees nie.

Adam en Eva moes die paradys verlaat na die sondeval, toegang was versper en die verhouding met God onderbreek. Dit was verskriklik. Maar God het ons onthou en die weg terug na Hom gebaan vir ons. Die HERE het na ons gekom met Sy onmeetbare liefde en barmhartigheid. In Christus het Hy ons ontmoet en 'n nuwe verbond gesluit. Net in Hom kan ons God ontmoet en dié verbond met Hom bevestig.

Omdat ons in hierdie aardse liggaam gesondig het, moes Hy ook so 'n liggaam aanneem, om, as die enigste onskuldige wat die hele mensdom verteenwoordig, die skuld van almal op Hom te neem en ons te versoen. Dit het plaasgevind in Christus Jesus, ons HERE wat aan die dief op die kruis gesê het: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou: Jy sal vandag by my in die Paradys wees"* (Luk. 23:43). Wie die HERE aanroep, sal gered word en die Paradys ingaan.

Die vleeswording van ons Verlosser, Jesus Christus, was 'n suiwer bonatuurlike daad van God deur die Heilige Gees, waarin Maria nie in die minste aandeel gehad het nie. Soos ons almal, is sy gebore in hierdie gevalle skepping en het dus ook dieselfde behoefte aan verlossing. Dit was nie Maria nie, maar die Verlosser, wat sonder sonde gebore is om ook haar te verlos van die sondeval.

Jesus Christus was die selfopenbaring van God, in menslike gestalte. Hy was terselfdertyd God en mens. In die Gees was Hy God en in die vlees was Hy 'n mens. Hy het geen gebod oortree nie, was absoluut heilig en sonder sonde. Daarom kon Hy al ons sonde op Hom neem en sterf in ons plek. Deur Sy bloed, wat Hy as 'n slagoffer vir versoening en vergifnis gegiet het, het almal wat daarin glo, volkome vergifnis en volmaakte verlossing gevind. Vir elkeen wat in die Bybel glo, is dit die onwankelbare anker vir hulle siele.

Sy opstanding op die derde dag, het die verlossingswerk goddelik gekroon en gelegitimeer. Dit was die bewys dat die dood, die hel en Satan, oorwin was. Amen! Daarna is Hy opgewek en verskyn aan Sy eie vir 40 dae tot sy majestueuse hemelvaart. Hy het glorie vooruit gegaan vir ons, nadat Hy aan ons gesê het: *"Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan het en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem"* (Joh. 14). By Sy wederkoms word al die mensekinders wat kinders van God geword het en deel het aan die eerste opstanding en na Hom opkyk, in Sy beeld verander (1Joh. 3). Dit is nie 'n sprokie nie, dit sal binnekort 'n werklike realiteit wees.



Voor die grondlegging van die wêreld het die almagtige God 'n ewige koninkryk vir Sy seuns en dogters beplan. Die sondeval kan nie God se plan onklaar maak of verydel nie. Daar was net 'n tydelike onderbreking. Die mensdom het hom vrywilliglik aan Satan se heerskappy onderwerp, maar is deur die HERE teruggekoop sonder dat hulle enige aandeel daaraan gehad het. Die HERE het 'n weg teruggebaan na Hom. Redding is beide 'n historiese en 'n heilsgeskiedkundige feit. Deur die evangelie word ons die vreugdevolle en bevrydende boodskap gebring. Dit gaan om die allesomvattende genade aanbod van God. Deur die krag van verlossing word mensekinders, wat vanaf geboorte kinders van die dood was, kinders van God en ontvang die ewige lewe.

Omdat die Koninkryk van God 'n ewige koninkryk is, moet elkeen wat daarin wil woon, ewige lewe hê. Daarom is dit nodig dat ons wêér gebore moet word (Joh. 3). Die Saad vir hierdie geboorte is God se Woord; dit bevat die kiem van die lewe. Die Heilige Gees kom oor almal wat God se Woord in geloof opneem. Deur die vleeslike voortplanting is ons aardse en tydelike wesens, maar deur die Woord en deur die Heilige Gees, plaas God die ewige lewe in al die verlostes. *"... want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God, wat tot in ewigheid bly"* (1Pet. 1:23). Wie in die HERE as sy Verlosser glo, kan die saligheid persoonlik ervaar. Hierdie onvergelykbare genadeaanbod van God geld vir elkeen wat dit wil ontvang, solank dit nog die "Dag van heil" is. Verlossing geskied nie uit lering of kennis nie, dit word gesoek en gevind in die Verlosser self.

Niemand kan hulself voorstel hoe verskriklik dit vir diegene sal wees wat die verlossing geweier het en die ewigheid moet ingaan sonder God nie! Uiteindelik, in die uur van dood, word ons gekonfronteer met die harde werklikheid; dan sal selfs die wie nie in die hiernamaals glo nie, sien dat dit nie alles eindig met die dood nie.

Ons HERE en Verlosser onderskei Homself hemelsbreed van al die stigters van alle godsdienste. Dit is 'n belediging om Hom te vergelyk met enige van die self-aangestelde 'profete'. Alle godsdienstige filosowe is begrawe met al hulle idees. Nie een van hulle het opgestaan nie. Hulle was mense net soos ons en kon nie hulself of ander help nie. Daar was nog altyd net een wat kon sê: *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe"*. Net in Christus alleen het God ons ontmoet, net in Christus kan ons God ontmoet. Daar is net een deur wie die Vader Homself hier op aarde openbaar, Jesus Christus, Sy Seun, in wie Hy ons ook seuns en dogters van God maak het. Net een kan sê: *"Hy wat My gesien het, het die Vader gesien"*. Baie weë lei na Rome, maar slegs een lei na God.

Ek hoop, liewe leser, dat u in hierdie uitgawe 'n rigtingwyser sien. Ware geloof glo nie in 'n dooie verlosser nie, maar in 'n lewende, opgewekte Verlosser, wie die dood oorwin het, na die hemel opgevaar het en in alle ewigheid lewe. Hy het nie net gesê: *"Ek is die opstanding en lewe"* nie, maar dit ook onweerlegbaar bewys. Hy het ons ook die opstanding gewaarborg. Jesus het gesê: *"Ek is die opstanding en die lewe, wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?"* (Joh. 11: 25-26).

Liewe vriend, daar is in werklikheid net hierdie een weg tot saligheid. Daar is net hierdie een waarheid, net hierdie een Verlosser. Wie ookal die ewige doel wil bereik, moet hulself van alles afwend, van alles, en dan uit die 'godsdienstige Babilon' uitkom en moet elkeen ter harte glo in die HERE Jesus as u persoonlike Saligmaker. Deelname aan 'n godsdienst, het niks te doen met die redding van ons siele en met die Verlosser nie. Daar is nie 'n enkele sakrament of enige godsdienstige rituele, hoegenaamd, wat ons kan red nie. Slegs in die Verlosser vind ons verlossing. Dit gaan hier oor persoonlike geloof in die een waaragtige God, wat Homself aan ons geopenbaar en ons gered het in Jesus Christus.

Selfs die beste gekoesterde bedoelinge, is verdoem tot mislukking. Die mens word slegs deur geloof in Jesus Christus, wat uitsluitlik op die Bybel gebaseer is, voor God geregverdig. Dit is 'n onvoorwaardelike gawe wat God gratis aan die mensdom gegee het. Alles wat kerkkrade bygevoeg het in die loop van die kerkgeskiedenis, maar wat nie deur die vroeë Gemeente (die apostels) geleer was nie, is nie geldig voor God nie. Die uur van God het vir u aangebreek, dit is u geleentheid om nou verlossing te ontvang. Die Evangelie van Jesus Christus is vir u 'n tyding van groot blydskap tot verlossing.

Glo u dat die HERE ook u skuld kan vergewe? U word geroep om tot daardie bybelse geloof wat die apostels en profete gehad het, terug te keer. Niemand het nodig om vir altyd mislei te bly nie. Almal kan verlossing ontvang en seker wees om deur God aangeneem te word.

Net daar waar u is, kan u met God praat in gebed en sê: HERE Jesus Christus, ek glo dat U vir my, 'n sondaar, gesterf het. Ek glo dat U my verlos het, dat U my ontvang. Ek behoort aan U, my Heer, tot in ewigheid. O God, net soos U ons in Christus ontmoet het, wil ek U graag in Christus ontmoet.

Glo wat Psalm 103 sê, ontvang dit persoonlik en dank God vir Sy genade: *"Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, Sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geen een van Sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede ..."*

Ons wil graag van u hoor, as hierdie pamflet u gehelp het. Met plesier sal ons u meer stuur sodat u dit ook kan versprei.

Redakteur: Ewald Frank  
Postfach 100707  
47707 Krefeld, Duitsland

Ons plaaslike kontak:

---

Ander beskikbare onderwerpe sluit in:

- DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS
- DIE CHRISTENDOM GISTER EN VANDAG
- DIE ANTICHRIS • DAAR IS GESKRYWE
- GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM
- DIE DOOP, NAGMAAL EN VOETEWAS